Broeder! deze zijn ernstige gedachten. In volle kracht geldt hier het woord: "Niemand neemt zichzelven die eer aan, maar die van God geroepen wordt, gelijk ook Aaron. Alzoo heeft ook Christus zichzelven niet verheerlijkt om Hoogepriester te worden." Het moet verondersteld worden dat uw broeders, door wie u gekozen zijt, in uw leven en gaven en werkzaamheden bewijzen hadden, die hen hebben doen oordelen dat u van God geroepen waart tot het ambt van ouderling. En dat, voor het aannemen van die betrekking, u getuigenis hadt in hunne roeping en bij het onderzoek van uzelven voor de Heer, dat u werkelik van God tot dat ambt verkozen waart. Het is van groot belang op dit punt in het volle licht te staan. Als iemand weet dat hij tot een werk aanstelling van God heeft, dan zal dit hem tot gehoorzaamheid en tot moed aansporen, opdat hij zijn Zender en Heer niet mishage. De ouderling moet weten dat hij persoonlik een van de verlosten des Heren is, een lid van het lichaam van Christus, dat door het Hoofd gebruikt kan worden voor Zijn werk. Hij moet weten dat hij zich hartelik en onverdeeld heeft overgegeven als een knecht om de wil van zijn Heer te doen, en dat hij nu van de Heer is geroepen en en afgezonderd om een helper te wezen in het grote werk van de eeuwigheid dat de Zoon van God van Zijn troon door de dienst van mensen volbrengt. Het laat zich nauweliks bedenken welk een geestelike kracht zulk een ouderlingschap in ons land zou wezen. Een gemeente door zulke ,mannen bestierd zou opwassen om al hare roeping, thuis en naar buiten, te volbrengen; de ouderlingen zouden niet alleen zijn bestierders en opzieners, maar werkelik voorgangers en leidsmannen, die, door de drang van een goddelike roeping aangevuurd, en door de moed van een goddelike bekwammaking gesterkt, anderen zouden leiden om overvloedig te zijn in het werk van de Here.

---

Voorts broeder, overdenk *de vereisten* voor het hoogheilig ambt dat u bekleedt. Het eerste noemt de Schrift met woorden als deze: "Heb acht op uzelven" (Hand. 20: 28). "Voorbeelden der kudde geworden zijnde" (1 Pet. 5: 3). De ouderling moet een waar Kristen zijn. Het leven van 't geloof naar de Schrift, dat de leraar met de mond predikt, moet hij in zijn leven bewijzen: op de ouderling in de eerste plaats moet de gemeente zien als levend toonbeeld van een godzalig leven. Zijn nauwgezette en onberispelike wandel in alles (1 Tim. 3: 1–3); zijn toewijding aan de dienst van God, het goede getuigenis dat zelfs de wereld van hem geeft (Tim. 3: 1–3) zijn het geheim van zijn kracht en van zijn invloed.

Hij moet echter niet alleen in zijn eigen persoon en in stilte een voorbeeld wezen, maar ook een voorganger, bekwaam om te regeren en te besturen. En daarvan noemt de Schrift de proef, of hij zijn eigen huis wel regeert (1 Tim. 3 : 4, 5 ; Titus 3 : 6). Hij moet weten gezag uit te oefenen, macht hebben om anderen te leiden ; als een vader in de gemeente te regeren In God had Abraham de gelovige huisvader " gekend, opdat hij zijn kinderen en zijn huis na hem bevelen zou, en zij den weg des Heeren houden " ; het is het onmisbaar teken van een geloof dat naar alle zijden gewend is dat het huis ook ervan beheerst wordt. De ouderling, die zijn eigen huis in onderdanigheid en stemmigheid heeft, heeft daar lessen geleerd die hij op de gemeente moet toepassen : hij moet regeren.


En dan wordt vereist de gewilligheid om zich op dat werk toe te leggen. " Die een voorstander is van naarstigheid " (Rom. 12 : 7). " Weidt de kudde Gods, niet uit bedwang maar gewilliglik " (1 Pet. 5 : 2) ; zulke woorden Gods wijzen op de gezindheid van hartelike en gehele toewijding aan het werk van de Heer. De waar ouderling zal moeite doen om voor zijn werk al meer bekwaam te worden, door zich te oefenen in kennis en anderzins. Hij zal tijd en moeite nemen om de wil van de Here te weten en te doen. Hij zal het welvaren van de gemeente op het hart dragen, erover nadenken, bidden en raad houden ; zal op zich niet laten wachten. maar gewilliglik en met naarstigheid het goede werk hem van God opgelegd zoeken te volbrengen. Hij zal voor dit werk leven.

---

En wat zijn nu de werkzaamheden van dit ambt, waaraan de leiding van het volk Gods nu gedurende 3,000 jaren werd toevertrouwd.

Het eerste is om *het Woord van de Here tot de gemeente* te brengen. De ouderlingen moesten de zending van Mozes vernemen en goedkeuren, ook de boodschap Gods overbrengen. Bij Elia en Jeremia en Daniel werken de oudsten in overeenstemming met de profeten. Van de ouderlingen wordt geëist het waken over de leer en het leven van de predikers van het Woord, het bijstaan en het helpen van hen in al hun werk. In het Woord Gods is het leven van de gemeente. Niet alleen in de prediking, ook in de scholen en huisgezinnen moet de opziener zoeken te zorgen dat het Woord Gods wordt gehoord en gehoorzaamd. Zij moeten zorgen dat het Woord tot allen komt. Voor de voorziening van armen, van vèrafgelegenen, van verwaarloosden met het Woord, zijn zij verantwoordelik.

## DIE TEENSWOORDIGE KERKRAAD.



Onderste ry, van links na regs: OUDD. C. P. SWANEVELDER, J. L. DELPORT, F. VON BULOW, F. DAVEL, DS. L. FOURIE, OUDD. D. K. THERON, A. G. BIGGS, G. L. HENNING EN J. F. VILJOEN.
Boonste ry, van links na regs: DIAKENS J. VAN BLERK, G. JORDAAN, P. A. C. PRETORIUS, J. F. VORSTER, J. H. VENTER, OUD. H. P. BOTHA, DIAKENS D. J. OLIVIER, Q. P. CAMPBELL, H. P. BOTHA, P. VAN DER MERWE, F. VAN ZYL VILJOEN, H. J. BEYLEVELD.

Al prediken zij zelven niet, zij bestellen het: hun werk is de gemeente van God te weiden (Hand. 20 : 28 ; 1 Petr. 5 : 2).

Dan is hun werk : *opzicht hebben.* Hebt acht op de kudde opzicht hebbende daarover. Zij zijn opzieners, wachters. Zij moeten opmerken welke invloed het Woord uitoefent. Een herder zorgt niet alleen dat zijn schapen goede weide hebben, maar merkt op elkeen afzonderlik of 't krank dan sterk wordt. De ouderling neemt persoonlik kennis van het welvaren van de zielen. Hij houdt wacht om de dwalenden vroegtijdig te waarschuwen, de zwakken aan temoedigen, de onverschilligen te bestraffen. Hij gevoelt het dat de zielen voor zijn rekening zijn ; uit liefde offert hij zich op om over hen te waken. De tucht of censuur in de kerkeraad is maar het geringste gedeelte van zijn werk : elke dag wacht houden over de schapen van Gods kudde is zijn heilige roeping.

En dan zijn de ouderlingen ook *voorgangers* ; zij moeten de gemeente leiden om verder vooruit te komen in heiliging en toewijding aan Gods werk. Als de door God uitverkorene leidsmannen moeten zij een ruim hart en een wijde blik hebben. Zij moeten niet voor hun enkele gemeente zorgen, maar aan de ganse kerk denken. De behoeften van armere gemeenten, de bloei van kerkelike inrichtingen, de uitbreiding van de kerk in iedere richting moeten zij als hun zaak beschouwen. Zullen zij hun eigen gemeente tot een waarachtige godzaligheid opleiden, dan moeten zij vooral de heersende zelfzucht en enghartigheid bestrijden, en het voorbeeld geven van een hart dat uitgebreid is om alles lief te hebben dat de eer en het rijk huns Heren aangaat. Zo zullen de gemeenten als zodanig niet alleen bloeiend maar waarlik vruchtdragend zijn.

# III.

## SENDINGWERK IN DIE GEMEENTE.

### EERW. JOHN BENNIE — EERSTE SENDELING.

Eerw. John Bennie was die eerste sendeling in die gemeente. Gebore en opgevoed in Glasgow, Skotland, waar hy ook tot die evangeliebediening opgelei is, het hy in 1821 as sendeling in diens van die Glasgowse Sendelinggenootskap na Suid-Afrika gekom. Van hierdie genootskap was hy een van die baanbrekers van die sendingwerk in die Vallei van die Chumierivier in Kafferland onder die volk van Gaika. Hy had as tydgenoot en kollega ds. W. R. Thomson, later predikant van ons kerk onder die kleurlinge aan Katrivier. Die twee sendelinge het die veld baie onbearbei gevind. Hulle had nie die hulp van voorgangers nie wat die taal tot skrif herlei en daarin boeke uitgegee het, en tog was hul die taal spoedig meester, kon dit vloeiend praat en het selfs enige skoolboeke opgestel wat hulle laat druk het.

In 1824 het hy in saamwerking met 'n ander sendeling, ds. John Ross, 'n nuwe sendingstasie ag myle van die Chumie gestig en dit Lovedale genoem na dr. John Love, die geeërde sekretaris van die Glasgowse Sendelinggenootskap. Soos baie ander sendelinge moes ook eerw. Bennie ly deur die Kafferoorloë. Tot drie male is sy huis afgebrand en moes hy met sy famielie vlug.

Vanweë die swak gesondheidstoestand van sy vrou was eerw. Bennie in 1850 genoodsaak om Kafferland te verlaat en op die boereplaas Toverwater in die distrik van Graaff-Reinet te gaan woon. Daar het hy drie jare lank aan 'n paar blanke kinders van mnr. Burgert Joubert onderwys meegedeel en onder die gekleurdes op die plaas en in die nabyheid gearbei. In 1853 toe hy aangestel is as onderwyser van die eerste Goewernementskool op Middelburg het hy dadelik 'n werk onder die gekleurdes aldaar

begin wat ryk geseen was. Twee jare later is, terwyl hy aldeur skool gehou het, die sendinggemeente deur hom in verband met die Ned. Ger. Kerk gestig. Vir die bou van 'n kerk met 400 sitplekke vir sy gemeente wat ruim £500 werd was, het hy self £300 voorgeskiet, en na sy dood het sy kinders ooreengekom om hierdie bedrag met die rente daarop aan die gemeente te skenk. Hy het sy werk op Middelburg met opgewektheid en geloofsmoed gedoen. Maar sy hart het nog steeds aan Kafferland geheg gebly en dit was reg na sy sin toe hy in 1857 deur die Sending-kommissie van ons Kerk in oorleg met die Goewerneur, sir George Grey, gevra is om die sogenaamde „uitgehongerde kaffers" wat die land by honderde ingestroom het, op te soek en met die „Brood des Levens" bekend te maak. Van harte het hy hom aan die werk gewy, en soos Jakob van ouds het hy nóg die hitte van die dag nóg die koue van die nag ontsien — so onvermoeid was hy besig. Hierdie arbeid het ook uitgestrek na die naburige gemeentes van Graaff-Reinet Richmond en Murraysburg. Daar was min uiterlike vrug op hierdie werksaamheid sigbaar. Gedurende geruime tyd het eerw. Bennie ook Murraysburg gereeld besoek om onder die heidene wat daar en op die buiteplase woonagtig was te werk, en van die sendinggemeente aldaar is hy ook die stigter. Benewens die plaaslike predikant ds. J. H. Hofmeyr, was die volgendes sy vernaamste medewerkers en onder-steuners op Murraysburg: B. J. J. Burger, D. S. B. Joubert, W. Burger, J. A. Burger, H. en P. van der Merwe, F. Retief, C. en J. Malherbe, P. Rossouw. Van die famielie Barend Burger was hy 'n boesemvriend. In later tyd het hy ook nou en dan Burgersdorp besoek, waar hy ds. Cormack die behulpsame hand gebied het en soms die nagmaal uitgedeel het aan die klein gemeente daar uit die heidene vergader. Dit was juis daar dat hy op Sondag, 7 Februarie 1869 vir die laaste maal die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus verkondig het. „Op reis daarheen," het mnr. Van Der Walt by wie hy oornag het, aan iemand geskryf, „heeft hy by my met groote opgewektheid tot de kleurlingen gesproken, en na de huisgodsdienst met my en myne vrouw over het ondervindelijk Christendom. Onder andere zeide hy: „Ik ben maar een arme zondaar, maar ik heb my door het geloof aan den Heere Jezus oorgegeven; ik ken Hem en Hy kent

my, en ik heb vrede met Hem." By sy terugkeer van Burgersdorp was hy op dieselfde plaas (Leeuwfontein) uitgespan, en ofskoon hy vermoeid en afgemat was deur die hitte en hom onwel gevoel het, wou hy hom nie laat oorhaal om daar te vernag nie, nee, hy wou na huis waar 'n troue en teersorgende dogter hom verwag het,— sy vrou is 'n korte tyd tevore oorlede.

Op ongeveer 'n uur afstand van die dorp anderkant Rosmead het hy gekla oor 'n pyn in die bors, waarop hy plotseling agteroor in sy kar geval en gesterf het. "Gelyk Henoch wandelde hy met God, en hy was met meer want God van hem weg." Dit was op Dinsdag, 7 Februarie. Dieselfde aand het die bewoners van die dorp en die lede van die sendinggemeente onder tekene van groot rou die siellose liggaam van die dierbare ou leraar ontvang. Die begrafnis het die volgende Donderdag uit die kerkgebou van die ontslapene plaasgevind. In *De Kerkbode* van 27 Februarie 1869 staan: „By de woning van den overledene werd het lyk opgenomen en gedragen naar het Gesticht, gevolgd door eene groote schare van blanken zoowel als kleurlingen. Daar gekomen zynde, beklom de Wel-Eerw. C. Morgan den predikstoel en na een gepast gezang te hebben laten zingen, sprak hy eene korte rede uit, naar aanleiding van de woorden: „Door hetzelve geloof spreekt hy nog, nadat hy gestorven is" (*Heb.* xi. 4). Nadat hy de hartroerende verrichtinge met gebed besloten had, werd het lyk weer opgenomen en door de dragers — de diakenen der gemeente — grafwaarts gedragen."

Op eerw. Bennie se eenvoudige grafsteen staan hierdie opskrif (in Engels) uitgebeitel:

**Gewy aan die Gedagtenis**

**van**


**JOHN BENNIE**

**'n Ernstige en Getroue Sendeling.**

**Wat op 9 Feb. 1869, in sy 73ste lewensjaar oorlede is.**

**„Het leven is my Christus en het sterven gewin."**

Eerw Bennie was getroud met Margaretha Maree. Sy is op Middelburg oorlede in Mei 1868. Op die buitenste koevert van



EERW. J. BENNIE.



MEV. BENNIE EN DOGTERTJIE.

*De Kerkbode* van 23 Mei, 1868, kom die volgende doodsberig omtrent haar voor:

> Overleden in den ouderdom van 66 jaren 5 maanden en 14 dagen op den 7den Mei, 1868, Margaretha Magdalena Bennie, geboren Maree, oudste dochter van Jacob en Sara Maree, voorheen woonachtig te Graaff Reinet, en de beminde, behulpzame en godvruchtige echtgenoote gedurende een-en-vertig jaren van den ondergeteekende. Zy stelde haar volkomen vertrouwen voor de eeuwigdurende zaligheid alleen op de verdiensten van den Heer haren God en Zaligmaker Jezus Christus. Zij heeft vier zonen, twee dochters, drie schoondochters, een schoonzoon en veertien kleinkinders nagelaten. Hartelijk dank ik de vrienden, die mijne dierbare vrouw dag en nacht hebben bygestaan gedurende de negen dagen van hare ziekte.
>
> JOHN BENNIE.

James Bennie was die oudste seun van die familie. Hy was jare lank onderwyser op Middelburg en het sy opleiding op Lovedale ontvang. Hy was getroud met mej. Anna Pienaar, 'n suster van ds. P. J. Pienaar van Somerset-Wes. Hy is 8 April 1911 gestorwe. Sy vrou is deur Gods grote goedheid nog in die lewe gespaar.

**Die Begin van Eerw. Bennie se Sendingwerk.** — In *De Kerkbode* van 9 Okt. 1869 verskyn die volgende

> Verslag van werkzaamheid verleend door den Eerw. Heer John Bennie, eenigen tijd voor zijnen dood.
>
> Aan den Wel-Eerw. Heer J. H. Neethling,
> Secretaris der Zending Commissie.
>
> Zijnde lid van de Kaffer-Zending der Vrije Schotsche Kerk, en hebbende een lang verlof van afwezigheid, vooral wegens den staat der gezondheid van zijne echtgenoot, gekregen kwam de schrijver dezes, geleid door de goede hand van het verheerlijkte Hoofd der Kerk, te Middelburg aan in 1854. Het gezigt van de vele inboorlingen aldaar, Kaffers, Fingoes, Basotus, Baralongs, Makwati, vrij geworden Slaven en Hottentotten, wekte hem tot medelijden, want zij waren zonder de genademiddelen en zonder onderrigt. Hij besloot, in de kracht van Gods genade, voor hen te doen wat hij kon; maar daar hij geen geldelijken onderstand van ergens genoot opende hij eene dagschool voor de kinderen der kolonisten (de blanken).

Op den eersten Zondag na zijne aankomst, predikte hij het Evangelie, in zijne eigene gehuurde woning, aan ongeveer acht of tien inboorlingen, die behoefte schenen te gevoelen aan de zaligheid ; en die allen later, naar wij gelooven, leden der Kerk van Onzen Heer God en Zaligmaker zijn geworden. In 1855 begon het te blijken, dat hij deze arme inboorlingen had bezocht met het goddelijke doel om uit hen, in Zijnen naam, een volk af te zonderen ; want nadat zij onderwezen waren in den weg des Heeren, beleden zes vrije Slaven, vijf Hottentotten en een Bechuana, openlijk hun geloof in God, die als de mensch Christus Jezus was gestorven, om hen te verlossen.

Jaar op jaar behaagde het den Heere in zijne groote genade om te toonen, dat zijn levend Evangclie nog eene goddelijke kracht is ter zaligheid. Nu ik schrijf is het getal dergenen, die tot het lidmaatschap geraakt zijn, 179. Dit getal bevat eenige weinigen uit Amaxosa, Amafingu en de Amazulustammen; het meerendeel behoort tot de binnenlandsche stammen, genaamd Makwati, Baralong, Mahura, Maijepi en Basuto ; de minderheid is zamengesteld uit Hottentotten, vrijgeworden Slaven en hunne afkomst.

Het is smartelijk te moeten te boek stellen, dat vier of vijf van het gegeven getal hunne Christelijke belijdenis hebben ontsierd door eenen slechten wandel.

Het getal dergenen, die aanzoek hebben gedaan om gedoopt te worden is 38, waarvan een deel waarschijnlijk spoedig tot leden kan aangenomen worden. Van ouders, die lidmaten zijn, ziin 117 kinders gedoopt sedert genoemd jaar. Gehuwd zijn 150 paren gedurende hetzelfde tijdsbestek; van deze werden in het huwelijk bevestigd twee paren in 1854, 33 in 1864 en 23 gedurende de laatste zes maanden van 1866.

Het gebouw, eerst gebruikt voor Kerk en School, was de oude boerenwoning van de plaats waarop Middelburg is gesticht. Het tweede was een deel van het gebouw, door den Wel-Eerw. Wm. Murray en zijne gemeente gebruikt als de plaats der zamenkomst voor de openbare godsdienst tot aan de inwijding van hunne nieuwe Kerk.

Daar de Kerkeraad den grond wenschte te verkoopen, waarop hunne eerste Kerk stond, werd er een Zending Kapel en Schoolgebouw gesticht in 1861-62 voor een bedrag van £612 12*s*. 9*d*. Een deel van die som (nam. £241 4*s*. 10*d*.) was door de gemeente der inboorlingen bijgedragen. De Kerkeraad gaf den grond en leende de som van £156, zonder renten, voor eenen onbepaalden tijd. De gemeente heeft eenen aanvang gemaakt met dat deel der schuld, die op de Kapel en School rust, af te dragen ; maar gebrek aan arbeid en gevolgelijk aan geld stremt hunne goede bedoelingen.

De Kapel, groot in lengte 64 voet en in breedte 34 voet, en die vier honderd zitplaatsen kan bevatten, is behoorlijk door de gemeente gemeubileerd met banken, nachtmaalstafels, enz. Van den beginne aan hebben zij de kaarsen voorzien die benoodigd waren bij de avondgodsdiensten. Bij zijn werk is de schrijver dikmaals en grootelijks geholpen door zijnen beminden vriend, Ds. W. Murray, en ook door de leden van zijnen Kerkeraad ; paarden zijn hem geleend door den nu overleden Ouderling Naude, en ook door zijnen zoon, den tegenwoordigen Ouderling Naude. Eenige vrienden gaven hem een paar karpaarden en zijn edelmoedige vriend, de Heer C. Potgieter gaf hem een paar jonge paarden ten geschenke.

Van het begin van het tijdsbestek bovengenoemd, bestond er eene dagschool voor de kinderen der inboorlingen, in verband met de Kerk. Daar werd ook van tijd tot tijd eene avondschool voor volwassennen gehouden. Bij den aanvang van dit jaar koos de gemeente eene Schoolcommissie, bestaande uit zes leden. De Heer James Bennie werd aangesteld tot onderwijzer ; zijn salaris per jaar van de Commissie zou vijftig ponden sterling zijn. Geregeld wonen 63 kinderen de school bij.

JOHN BENNIE.

**Latere Sendelinge.**—Na die dood van Vader Bennie het daar in die gemeente 'n skeuring plaas gevind onder aanvoering van 'n sekere L. de Beer, wat geen sendeling was nie en homself onwettig laat orden het. In die tyd, vir omtrent twee jare, is die gemeente bedien deur ds. Morgan bygestaan deur mnr. James Bennie. In 1871 het ds. C. P. Theron die herderstaf opgeneem en ongeveer 'n jaar die gemeente bearbei. Na hom het die heer Wimmer, 'n lekearbeider dit gedoen tot 1880.

Die volgende leraar was

## EERW. A. F. WEICH.

Eerw. Adolph Frederik Weich is 19 Augustus 1885 op Komaggas gebore. Hy is 'n seun van Eerw. F. Weich, in lewe sendeling van die Rynse Genootskap in Namakwaland. Nadat hy sy matrikulasie-eksamen in 1875 op Stellenbosch afgelê het was hy enige jare werksaam op Caledon waar hy onder leiding van ds. (nou prof.) P. J. G. de Vos vir hom voorberei het vir die sendelings-eksamen wat hy in 1880 met goeie gevolg afgelê het. Dieselfde jaar is hy na Middelburg gegaan waar hy op 6 Julie 1881 georden is. Gedurende sy geseënde bediening van die gemeente is die

pastorie gebou. In 1898 het hy 'n beroep aangeneem na die Sion'sgemeente in die Paarl. As Moderator Synodi sowel as lid van belangrike Kommissies het hy met sy toegewydheid en getrouheid groot dienste aan die Sendingkerk bewys. In 1910 is hy emeritus geword en sedert die tyd is hy gedurig in gemeentes sowel van die Moeder as Sendingkerk behulpsaam gewees met die vervulling van preekbeurte en ander pastorale arbeid.

## EERW. H. DEKKER.

Eerw. Herman Dekker is 3 April 1865 te Oldemarkt in Overryssel, Holland, gebore, en het sy teologiese opleiding vir rekening van die Java-Komitee in verband met die Ned. Sending-Ver. te Rotterdam ontvang Sy eerste werkkring was in Oos-Java onder die Madoerese (1890–1899). Terwille van die gesondheid van sy vrou moes hy die eiland verlaat, en is hy 1899 na Suid-Afrika vertrek.

Na *colloquium doctum* was hy eers 'n tydlank werksaam op Swellendam, en toe is hy 1899 as opvolger van eerw. Weich na Middelburg beroep en daar bevestig. Hy het die gemeente getrou en met seen bearbei tot 1923 toe hy weens 'n verswakking van sy hoof sy emeritaat moes aanvaar. Gedurende sy dienstyd is die kerk sowel as die skool en die pastorie vergroot, en tot drie male toe was hy Moderator van die Sendingsinode. Tans dien hy die Moedergemeente as skrieba en kassier, terwyl hy dikwels die helpende hand met preekbeurte en siekebesoek bied, veral in afwesigheid van die predikant.


## EERW. H. P. VAN DER MERWE.

Gebore in die distrik van Ceres op 6 Junie 1880 het eerw. Hendrik Petrus van der Merwe sy opleiding aan die Sendinginstituut, Wellington, ontvang. Sy eerste gemeente was De Rust (1906–1923). sy twede Barrydale (1920–1923). Op 1 Julie 1923 is hy op Middelburg bevestig as opvolger van eerw. Dekker, en nog steeds arbei hy met opgewektheid en seën in sy gemeente, wat tans 1,500 siele en 420 lede tel. Daar is 'n hartlike gesindheid van liefde en samewerking tussen die Moeder-en Sendinggemeente en tussen die predikant en sendeling, want ds. Fourie is 'n sendingvriend.


## DIE SENDELINGE.



Eerw. A. F. Weich.



Eerw. H. Dekker.



Eerw. H. P. van der Merwe.

## IV.

## ONDERWYS EN OPVOEDING IN DIE GEMEENTE.

Miskien is daar op geen gebied groter en sneller vooruitgang gemaak in Suid-Afrika, as op dié van opvoeding in die laaste vyftig jaar.

Middelburg lewer ook 'n treffende bewys hiervan. Dit is vandag een van die groot sentrums met pragtige geboue en groot koshuise, waar honderde van kinders vir hulle lewensroeping voorberei word. Maar 48 jaar gelede moes kinders vir 'n beetjie geleerdheid na Cradock en Graaff-Reinet gestuur word.

**Die Eerste Skoolmeester.** — Net na die aankoms van die eerste leraar het die Kerkraad onder sy leiding begin sorg vir die opvoeding en onderwys van die kinders van die gemeente. 'n Fonds is by wyse van kollektes bymekaar gebring om die kinders van behoeftige ouers op die dorp op skool te kry.

Ds. W. Murray het selfs etlike seuns in die pastorie geloseer. Ons vind die naam van de eerwaardige ou vader John Bennie onder die eerste wat, van kerkweë, as skoolmeester geëmplojeer was. Af en toe lyk dit of daar taamlik gesukkel was om selfs 'n kwynende skooltjie aan die gang te hou.

**Die dagbreek van Onderwys onder Mnr. David Wilcocks.** Die eerste groot stoot in die opvoedkundige beweging in die distrik is gegee deur 'n jongeling uit die distrik in die dae, wat later in sy lewe heelwat vir opvoeding en onderwys gedoen het en die Kerk as voorsitter van die Sinodale Opvoedingskommissie lang gedien het. In 1879 het die jonge heer David Wilcocks 'n private skooltjie op die dorp begin, nadat hy 'n jaar reeds op Rooiwal in die distrik skool gehou het. In 'n klein kamertjie met 'n vyftal kinders het sy werk begin. Dit het nie lank geduur nie of die

getal leerlinge het so aangegroei dat 'n ruimer lokaal gevind moes word. Die heer Tom Bennie, voorsitter van die Dorpsbestuur, het die onderneming van die jong onderwysertjie gesteun en dit bewerk dat hy die Markhuis op die plein vir sy skool gekry het. Die aandag van die publiek werd op die skool gevestig deur een of twee jaarlikse opvoerings van die kinders. Hoewel Engels in die dae die taal was wat geleer moes word, is hier gereelde klasse ook in Hollands gehou, en moes die Engelse leesles ook in Hollands oorgesit word. Met vyf en ses klasse was hulp spoedig, nodig en jongejuf, Miemie Wilcocks het haar broer kom help. In 1880 was die getal leerlinge byna 100 en 'n ander lokaal mos bygehuur word. In dieselfde jaar het dr. Dale, Superintendent-generaal van Onderwys, deur middel van Inspekteur Samuels ondersoek laat instel in die toestand van opvoeding in die gemeente en na sy inspeksie van hierdie skool, wat bowe verwagting goed was, is aan mnr. Wilcocks die aanbod deur die inspekteur gedoen om die skool as 'n eersteklas skool, Graad B, te erken. Die Geref. Kerk het in die tyd hulle eie kerkskooltje gestig, en die bestier van die openbare skool was byna uitsluitlik in die hande van die N.G. Kerk. Ds. J. R. Albertyn het hom toe dadelik beywer om 'n behoorlike skool met klaskamers en 'n onderwyserswoning te laat bou. Jongejuf. Miemie Hofmeyr, dogter van prof. Hofmeyr, is toe aangestel as onderwyseres vir die meer gevorderde meisies en juf. Miemie Wilcocks vir die laere klassies. Later was ook mnr. C. T. M. Wilcocks, nou een van die lede van die Spoorwegraad, vir 'n tyd behulpsaam met die werk.

In 1884 het die eerste vyf leerlinge hulle „School Elementary " eksamen en een die „School Higher " eksamen uit die skool ge doen. Onder die eerste leerlinge van die skool word getel ds. P. K. Albertyn, een van die kerk se grootste outoriteite op Sondagskoolgebied, dr. Louis Lessing, die here Andrew du Toit, wetgeleerde in die Kaapstad, Charles Wentzel, prokureur in Johannesburg, en Willie Stahl, jare lank burgemeester van Middelburg.

In 1884 is mnr. Wilcocks vir verder studie na Stellenbosch gegaan om die onderwysprofessie te verwissel vir die amp van evangeliedienaar. Sy afskeid van Middelburg was uiters aandoenlik.

**Die Skool in die tyd van Mnr. Pretorius.** — Mnr. Johannes Pretorius het mnr. Wilcocks opgevolg. In sy tyd is dit Danie Theron — later die beroemde kaptein van Verkenners in die Anglo-Boereoorlog — geluk om die roem van die skool te verhoog deur 'n Uniwersiteitsbeurs in die Skoolhoër-eksamen te verwerf. Deur omstandighede egter, is die skool in sy tyd gedaal tot A2 rang.

**Ontwikkeling onder Mnr. D. K. Theron.**—In 1887 is mnr. D. K. Theron aangestel as hoof van die skool. Dit het geskied deur bemiddeling van mnr. Wilcocks wat hy op Stellenbosch leer ken en lief gekry het. Daar was toe maar 60 leerlinge. Die hoofonderwyser was verantwoordelik vir die hele skool, en die onderwys van al die jongetjies en die eerste klas van die meisies was aan sy sorg toevertrou; die ander meisies was onder sorg van mej. Susan Frick.

In 1889 het die hoofonderwyser dit verkry om die klasse van die jongetjies en meisies te amalgameer. Daar was nou ruim 200 leerlinge met drie onderwysers in skoo.l En die skool is weer tot A1. graad bevorder.

Ds. G. van Niekerk, ondersteun deur sy Kerkraad het sy bes gedoen om die belange van die skool te bevorder. Die publiek buite die N. G. Kerk is egter buite die administrasie gehou. Met moeite het die prinsipaal dit eindelik verkry dat ook andere as net lede van die N. G. Gemeente op die bestuur toegelaat is. Toe het die skool vinniger vooruit gegaan. Na allerhande planne om ruimte te verskaf is na jare gesukkel en stryd 'n nuwe en doelmatige gebou opgerig.

In die stryd het ds. P. Winter van die N. G. Kerk en ds. S. Postma van die Ger. Kerk 'n lewendige aandeel gehad. Daardie gebou dien nou vir die primêre afdeling van onse skool.

Van die bestuurslede wat 'n werksame aandeel tot bevordering van die skool geneem het, is dit billik om die name van Mnr. John Enslin en van Mnr. F. H. Every te noem. Hul het baie gedoen om die onderwysers in hul moeilike werk te steun en te bemoedig. In die skooljaarboek van 1916 word van die twee troue skoolvriende gesê: „Men heeft nauweliks 'n rechte besef van de grote

opofferingen waarmede die twee heren de zaak der opvoeding in ons dorp gediend hebben. Namens onderwijsers en leerlingen wensen wy die twee vrienden als ook anderen, hartelik te bedanken voor hunne gewaardeerde diensten, en geven hun de verzekering dat die zeer hoog geschat worden."

In die nuwe gebou het die getal leerlinge aangegroei tot ruim 750, en die staf was sowat 25, waaronder van die bekwaamste en toegewydste van die land was.

In Julie 1887 het die eerste leerling van hierdie skool deur die Matrikulasie ekamen gekom. Dit was mnr. A. F. du Toit, prokureur, wat tans ook diaken is in die Groot Kerk, Kaapstad. Sedert is daar ruim 250 gematrikuleerdes die land ingestuur om land en volk en kerk te dien.

In 1919 is die skool verhoog tot 'n hoër skool, en was daar spoedig sowat 150 leerlinge in die sekondêre klasse.

**Teenswoordige toestand onder Mnr. P. J. du Toit.** — In 1922 het die heer Theron, na 39-jarige diens op pensioen afgetree, en is hy opgevolg deur 'n oud-leerling, mnr. P. J. du Toit, B.A., wat bygestaan word deur 'n baie bekwame en toegewyde personeel.

Die skool bestaan nou in drie afsonderlik afdelinge — die höëre onder die prinsipaal, die primêre onder mnr. W. Skinner en die bewaarskool onder Mej. Sieberts.

Mnr. Theron eindig met te skryf :—„Al die sukses van ons tot hiertoe skrywe ons toe aan die wyse leiding van 'n Algoede skool God. Onder 'n waaragtige gevoel van diepe afhanklikheid van die, vir ons so onmisbare leiding beveel ons onse dierbare skool met sy personeel in alle afdelinge aan die genadige beskerming van Hem wat ons tot hiertoe gelei en bestier het."


## DIE HOOFONDERWYSERS.



MNR. (nou ds.) D. WILCOCKS



MNR. D. K. THERON.



MNR. P. J. DU TOIT, B.A.



MNR. W. SKINNER, B.A.

V.

## DRIEKWART-EEUFEES, NAGMAAL, DANKDAG EN DANKFEES.

### Donderdag 5 Mei tot Sondag 8 Mei 1927.

Konferensie-Onderwerp : Die Saligmakende Genade, Titus 11 : 11.

Donderdagaand, 7-uur : Die betekenis van die Genade :

(*a*) Vir die mens : Hand. 11 : 23, 13 : 43, Hebr. 12 : 28 : Ds. E. Dommisse.

(*b*) Vir God : 2 Kor. 12 : 19, Efeze 2 : 8 : Ds. R. J. v. Niekerk.

Vrydagmôre, 10 uur : Die behoefte aan die Genade :

(*a*) Vir die verloste : 1 Kor. 3 : 10, 15 : 10, 2 Petrus 3 : 18 : Ds. A. M. Murray.

(*b*) Vir die verlorene : Rom. 5 : 15 : Ds. I. J. Viljoen.

Vrydagmiddag : Die vrugte van die Genade :

(*a*) Vir (of in) ons lewe : Filip. 1 : 29 : Ds. N. C. H. Theunissen.

(*b*) Vir (of in) ons werk : 2 Kor. 8 : 9, 9 : 5 9 : Ds. P. K. Albertyn.

Vrydagaand, 8-uur : Kooruitvoering van „Daniel " deur meer of min 60 lede.

Saterdagmôre, 10-uur : In Memoriam diens : Hebr. 11 : 40, 12 : 1 : Ds. L. J.Fourie.

Saterdagmiddag, 3-uur : Voorbereiding : Ds. D. Wilcocks.

Saterdagmiddag, 4-uur : A.C.V.V. verg. : Ds. E. Dommisse.

Saterdagaand, 7.30-uur: Voorstelling van lidmate: Ds. J. F. Naude.

Sondagmôre, 8-uur: Vroeë Biduur: Ds. I. J. Viljoen.

Sondagmôre, 10-uur: Nagmaal: Ds. A. M. Murray.
Tafeltoespraak: Ds. N. C. H. Theunissen.

By ons Nagmaals diens word ons dankoffers, soos gewoonlik, gebring.

Sondagmiddag: Danksegging, 2.30: Ds. E. Dommisse.

Sondagmiddag: V. S. Bond, 3.30: Ds. D. Wilcocks.

Sondagmiddag: Kinderdiens, 4 uur: Ds. P. K. Albertyn.

Sondagaand: Die rykdom van die Genade:

(*a*) Vir die ontvanger: 2 Kor. 9: 8, Titus 2: 11: Ds. D. Wilcocks.

(*b*) Vir die uitdeler: 2 Kor. 6: 1, 1 Petrus 4: 10: Ds. J. F. Naude.

Elke inleier kry nie meer as 20 minute nie. Verdere bespreking deur lerare volg daarna.

'n Vol program vra ons volle aandag.

Veel werk eis veel gebed.

Lees en oordink tog al die skriftuurplase ernstig en biddend.

Laat ons saam God smeek om Sy seën, en gelowig daarop wag.

GEDRUK DEUR DIE STANDERD PERS, BEPERK, KAAPSTAD

